# Zuid-Afrikaansche Boer Republieke

# FORMELE REAKSIE OP OPENBARE WANVOORSTELLING GEMAAK DEUR DIE ZAR BOERVOLK

## Kennisgewing in Goeie Trou – Herstel van Rekord

**Uitgereik deur die Tydelike Adviesraad van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke.**

**Met administratiewe bevestiging deur die Hoof Reg-bemiddelaar.**

**21 Maart 2026** Verwysing: ZABR/REAKSIE-ZAR/001

Die Tydelike Adviesraad (TAR) van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR), namens die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) KOLLEKTIEF, neem kennis van 'n openbare plasing deur die ZAR Boervolk waarin verskeie wanvoorstellings, beskuldigings en persoonlike aanvalle gemaak word.

Ons antwoord word nie in vyandskap of rusiesug gegee nie, maar in goeie trou, met die doel om die rekord reg te stel en die waarheid te dien.

**Verklaring:**

Die Boervolk **IS** ’n inheemse en afgesonderde volk, bevestig deur haar Almagtige op 16 Desember 1838 en later weer deur die verhoor van haar Geloftes. Die Tydelike Adviesraad se submissie aan die UNPFII is bloot ’n kennisgewing van rekordherstel, nie ’n petisie vir toestemming nie. Die feite spreek vanself – daar is geen saak om te beantwoord nie.

Die ZABR verklaar hiermee duidelik:

- Ons tree nie op as “heersers” oor die Boervolk nie.
- Ons maak nie aanspraak op onregmatige gesag nie.
- Die TAR is ’n tydelike, diensbare en verantwoordelike liggaam wat die Boervolk se selfstandige identiteit, kultuur en wettige posisie beskerm en bevestig.
- Ons staan nie op mensgemaakte strukture en jurisdiksies nie, maar op die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader as enigste hoogste gesag as soewereine lewende siele.

Die Boervolk se saak is nie gebaseer op persoonlike leierskap of geheime agendas nie, maar op die kollektiewe wil van die volk soos vervat in die ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid van “100 Man” en die stemproses van die Volksbesluite.

**Feitelike Regstelling:**

Waar daar verwarring, naamverwarring of wanvoorstelling bestaan, word dit hiermee in goeie trou reggestel. Die ZABR is nie gestig om te kaap of te vervang nie, maar om historiese en hedendaagse misindeling reg te stel. Enige persoon of groep wat eerlike onderskeiding soek, word uitgenooi om dit op ’n ordelike en waardige wyse te doen.

- Die name **Zuid-Afrikaansche Boervolk**, **Zuid-Afrikaansche Boer Republieke**, die Eenheidsvlag, Embleem en Seël is nie gekopieer nie. Hulle is deur ’n amptelike stemproses (HARTKLOP, Mei–Junie 2025) deur die volk gekies, soos vervat in Volksbesluite 1 tot 5. Die **Tydelike Adviesraad** was die gevolg van die mandaat verleen deur ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid van “100 Man”.
- Ons Grondwet is nie gebaseer op *Anglo-Saxon Common Law* nie, maar op die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader as enigste hoogste gesag.
- Ons erken geen post-1902 ooreenkomste, of die Verdrag van Vereeniging, as wettig nie aangesien dit ’n gedwonge oorgawe was.
- Ons maak nie aanspraak op fisiese bewys van afkoms vir genootskap nie – ons fokus op geestelike en kulturele verbondenheid met die Almagtige en die Boervolk se geskiedenis, karakter en identiteit.

- **Ons erken dat die Boervolk se volkereg bestaan as gevolg van haar vertroue op haar Hemelse Vader, nie die feit dat hul Boer is of uit die Boervolk afstam nie**.

**Geestelike Reaksie:**

Die Tydelike Adviesraad erken die hoop dat alle groepe/bewegings/aksies wat hulself vir hul Hemelse Vader en die Boervolk beywer, eendag in eenheid sal saamwerk. Ons bid dat die Almagtige die oë en harte van alle volksgenote sal oopmaak vir die waarheid. Geseënd is hulle wat vervolg word ter wille van die waarheid. Ons verwerp enige beskuldiging van "kultus" of fanatisme – ons staan slegs onder die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader om vir Hom 'n volk te wees.

**Oproep:**

Ons nooi alle Boervolk-volksgenote uit om hulself te vergewis van die feite en ons dokumente te lees (www.zaboervolk.com). Die ZABR verwelkom alle volksgenote wat die Almagtige se Woord as enigste en hoogste gesag aanvaar en bydra tot die Boervolk se vryheid en reg. Geseënd is hy wat hom by die Allerhoogste aansluit. Ons vertrou volksgenote sal die waarheid hierin sien.

**Slot:**

Die ZAB soek geen konflik nie, maar pleit slegs by haar Almagtige Skepper vir vryheid, soewereiniteit en selfbeskikking. Die ZABR sal voortgaan om die Boervolk se identiteit, geskiedenis en wettige selfstandigheid te beskerm. Waar wanvoorstelling plaasvind, sal dit nie met haat of rusie nie, maar met vaste waarheid, ordelike kennisgewing en waardige regstelling aangespreek word. Mag die Almagtige Hemelse Vader hierdie proses seën en alle verborge dinge openbaar sodat reg en geregtigheid kan geskied.

**Voorbehoud van Regte**

Hierdie dokument verteenwoordig 'n vreedsame, goede-trou uitdrukking van die historiese *Boervolk*, gesamentlik en deursigtig nagestreef deur betrokke landgenote, en nie namens enige organisasie, politieke liggaam, kommersiële entiteit of eksterne belang nie. Alle verklarings hierin word uitsluitlik in die wettige belang, waardigheid en beskerming van die *Boervolk* self gemaak.

In ooreenstemming met gevestigde Gemenereg-maksimes en internasionaal aanvaarde regsbeginsels, waar geen wettige skade, besering of bewese slagoffer bestaan nie, ontstaan daar geen wettige oorsaak van aksie nie. Gevolglik mag geen jurisdiksie of nadelige regsafleiding wettiglik geheg word sonder 'n behoorlik gevestigde en wettige regsoorsaak van aksie nie.

Niks in hierdie dokument moet geïnterpreteer word as 'n afstanddoening van regte, onderwerping aan onwettige jurisdiksie, of toestemming tot onredelike of onregverdige proses nie. Alle regte, regsmiddels en wettige beskerming word uitdruklik sonder vooroordeel voorbehou. Hierdie dokument bevestig respek vir wettige gesag, behoorlike proses, menswaardigheid en vreedsame oplossing onder erkende regsstandaarde.

Geteken namens die Boervolk-kollektief deur die ZABR Tydelike Adviesraad:

...............................................

/s/ **Wouter** van die familie **van den Heever**

**Voorsitter**, Tydelike Adviesraad

...............................................

/s/ **Isaac** van die familie **van Heerden**

**Sekretaris-Generaal**, Tydelike Adviesraad

...............................................

/s/ **Rudolph** van die familie **van Jaarsveld**

**Hoof Reg-Bemiddelaar**, ZABR Volkshof